God se wil

Rom. 12:1 "Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens.
:2 En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, **sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is."**

Ons lewens is die **resultaat** van die **besluite** wat ons elke dag moet neem, of dit **goed** is en of dit **sleg** is, maak nie saak nie, maar ons sal **môre** moet leef, volgens dit wat ons **vandag besluit het**.

Ons het 'n spreekwoord wat sê: "**Spyt is 'n goeie ding**, net jammer hy kom **altyd te laat**."

Hierdie is 'n lewensfeit, vandag neem ons besluite wat **môre negatief** of **positief** kan beïnvloed. Ons kan vandag 'n besluit neem, wat ons lewens dalk vir **ewig kan beïnvloed**.

Besluite in die lewe is baie belangrik, want dit raak gewoonlik **ons toekoms**. En namate ons **ouer word**, word die besluite wat ons moet neem al hoe **meer** en word dit ook gewoonlik **groter** en **ernstiger**.

Die dinge waaroor ons moet besluit word al hoe **meer intens**, namate ons **ouer word**, maar self **'n kind** kan 'n verkeerde besluit neem, wat sy hele lewe kan **benadeel**, of 'n regte besluit, wat sy hele toekoms kan **bevoordeel**.

Om 'n **huis te koop** is sekerlik 'n **groter** en 'n **ernstiger besluit** as om 'n **fiets** of 'n **speelding** te koop, maar dit maak nie regtig saak wat die **aard** van die besluit is nie, wat wel saak maak is dat ons **God ken in elke besluit** wat ons moet neem.

Indien die **Here in 'n saak is**, sal ons nie later daaroor **berou hê nie**. Ons hoef nie **spyt te wees** oor dinge waarin die **Here ons lei** nie, want die Here sal ons **nooit verkeerd lei** nie.

Ons moet **God se wil in elke saak soek**, en indien ons na **God se wil soek**, sal ons **dit vind**. Ons moet God se **volmaakte wil** soek.

Jer. 29:11 "Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, **gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee**.
:12 Dan sal julle **My aanroep** en heengaan en **tot My bid**, en **Ek sal na julle luister**.
:13 En julle sal **My soek en vind** as julle **na My vra met julle hele hart**."

Indien ons na God se wil soek met ons **hele hart**, met ons **hele wese** en met **alles** wat ons het, sal ons **God se wil vind**. En God sal na **ons luister** en ‘n **goeie toekoms** aan ons gee.

In die **meeste gevalle** gaan dit **sleg met mense**, omdat hulle **nie na God se wil gesoek het nie**. Spyt kom te laat. Water wat in die **see geloop** het, kan nie **weer herlei** word nie. **Gedane sake** het **geen keer** nie.

Daarom is dit noodsaaklik om eers die **aangesig van die Here te soek** voor ons besluite moet neem. Dalk lyk dit op die oog af **nie ernstig nie**, maar dit kan dalk **ernstige gevolge** hê. Ons moet God **in alles ken**.

Trou is nie **perdekoop** nie, jou **huweliksmaat** is seker een van die **belangrikste besluite** wat ons in hierdie lewe moet maak, daarna moet ons besluit waar ons **gaan woon** en watter **huis** ons gaan koop, ook **hoeveel kinders** ons gaan hê.

Hierdie is **absolute belangrike besluite** wat geneem moet word, en is dit absoluut noodsaaklik om **God daarin te ken**.

Dit is een van die redes waarom daar vandag **soveel egskeidings** is, mense trou volgens hulle **emosies** en nie volgens **God se wil** nie. Indien **God** vir my ‘n **huweliksmaat** gegee het, sal daar **nooit ‘n egskeiding** wees nie.

God het voorsien en dit sal ons **nie berou nie**.

Ek besluit om op ‘n partyjie ‘n **drankie te drink** en oor ‘n **week** weer en oor ‘n **maand** weer; en as ek my weer kom kry kan ek **nie ophou nie** en is ek ‘n **alkoholis**. In die eerste plek het ek ‘n **verkeerde keuse** gemaak.

Dieselfde geld vir **rook**, **dobbel**, **dans**, **leeglê**, en alles wat **sleg** en **verkeerd** is.

Ons moet versigtig wees om **klein besluitjies te neem**, wat **in teenstryd** met God se **wil** en God se **woord** is.

Hooglied 2:15 “Vang julle vir ons die jakkalse, **die klein jakkalse wat die wingerde verniel**, want ons wingerde staan in die bloei.”

Ons moet ook in die **klein dingetjies** God se wil soek, want dit is die **klein jakkalsies** wat ons lewens **verskriklik deurmekaar** kan krap.

Hierdie klein jakkalsies gee vir ons **onnodige probleme** en **verdriet**, waarsonder ons kon klaarkom.

Daar is drie soorte besluite in die lewe.

1. **Belangrike besluite**.

Huwelik, beroep, verlossing en gehoorsaamheid. Ons moet besluit tot **watter mate** ons aan **God gehoorsaam** gaan wees. Baie mense trek vreeslike gesigte wanneer ons praat van **hoerery** en **owerspel**, maar hulle gee nie om, om te **drink** en te **dobbel** nie.

Of om te **drink** en te **dobbel** is verkeerd, maar jy hoef nie **jou naaste lief te hê soos jouself** nie, selfs 'n **mate van haat** is aanvaarbaar.

Ons moet **God se wil in alles soek**, nie net dit wat **ons pas** nie. Wanneer die prediker te veel oor my **spesifieke sonde praat**, los ek nie **die sonde** nie, **Nee**, ek kom eerder nie **meer kerk toe** nie.

Hy laat my **skuldig voel** omdat ek so baie in die **wyn bottel** en **brandewyn bottel kuier** en nou los ek maar die kerk. Ek **weet dit nog nie**, maar die einde daarvan is **rampspoedig**.

Indien ek **God se wil soek**, sal ek die **wyn los** en **kerk toe kom**. Ek moet 'n besluit neem oor my **verlossing** en ek sal dit verseker nie in 'n **wyn bottel vind** nie.

Gehoorsaamheid en **verlossing** is die **grootste besluite** wat elke mens hier op die aarde moet neem. Hierdie twee is die **belangrikste van alle besluite**. Alle ander besluite sal **daaruit voortvloei**.

2. **Minder belangrike besluite**.

Omgewing, waar jy gaan **woon**, waar jy gaan **werk**, waar jy gaan **aanbid**, wie jou **vriende** gaan wees.

Ons maak eers 'n **beroepskeuse** en dan besluit ons **waar** ons daardie beroep **wil beoefen**. Ons besluit of ons in die **stad** of op die **platteland** wil woon en werk, en dan kies ons in ons omgewing vir ons **vriende** -- **volgens** wat ons oor ons **verlossing besluit** het.

Joh. 15:14 "**Julle is my vriende** as julle **alles doen wat Ek julle beveel**." Jesus sê **ons is Sy vriende**, daarom moet ons ons aardse vriende baie versigtig kies.

Jak. 4:4 "Egbrekers en egbreeksters, weet julle nie dat die **vriendskap van die wêreld vyandskap teen God** is nie? Wie dan 'n **vriend die wêreld wil wees, word 'n vyand van God**." Ons **vriendekring** moet uit **God se kinders** wees.

3. **Klein besluite**.

Watter **motor** om te koop, waar om **inkopies** te doen, na watter **skool** jou kinders gaan, wie jou **huisdokter** gaan wees, watter **diëet** om te volg. Hierdie is maar net voorbeelde, maar daar is **talle besluite wat daagliks** geneem moet word.

Indien ons dit in **ooreenstemming met God se wil** sal neem, sal dit ons lewens **positief beïnvloed**.

Kol. 3:16 "Laat die **woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid**….
:17 En wat julle ook al doen in **woord of in daad**, **doen alles in die Naam van die Here Jesus**…"

Die **Woord** van die Here moet **in ons woon**. **God se wil** is in **Sy Woord** aan ons **geopenbaar**. Wanneer **Sy Woord** in ons **woon**, sal **Sy wysheid** ook **in ons wees** en sal ons **Sy wil doen**.

Hoeveel male sonder tal, was ons nie al **teneergedruk** en **neerslagtig**, omdat ons die **verkeerde besluite** geneem het nie.

Omdat God ons **liefhet**, daarom wil **Hy ons help** wanneer ons besluite moet neem.

Jes. 43:4 "Omdat jy **kostelik is in my oë, hooggeag is, en Ek jou liefhet**, daarom gee Ek **mense in jou plek** en **volke vir jou lewe**.
:5 **Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou**;…"

Wees nie **bevrees nie**, plaas jou lewe in **God se Hand** en laat **Sy wil** in jou lewe geskiet, en jy sal nooit hoef **terug te kyk** op jou **lewenspad** nie. Want jy is **kostelik** in God se oë en Hy sal vir jou net die **beste bepaal**.

God sal die **onheil** van ons **afweer**, as ons volgens **Sy volmaakte wil lewe**.

Psalm 91:1 – 16 lees!!!! Bl.583

Ons moet in die **skuilplek** van die **Allerhoogste sit**, dan sal ons al Sy **seëninge geniet**. God sal ons **bewaar** en oor ons **waak** en ons lei na waters waar rus is en na wonderlike groen weivelde, ons sal in **niks gebrek hê** nie.

Maar indien ons egter **onsself lei**, beland ons kort voor lank in **onstuimige waters** en wil die **golwe** en die **branders ons oorweldig**. Indien ons **onsself lei** is dit baie male maar **moeilik om kop bo water te hou**, en dreig ons **om te sink**.

Ons moet **God toelaat** om ons te lei, Hy lei ons na **rustige**, **kalm** waters waar ons **nooit sal sink** nie, **lewende waters**, as ons daarvan **drink**, sal ons nooit weer **dors word na ander vreemde waters** nie.

Somtyds laat ons **God net toe** om ons met die **groot en belangrike dinge** te help, die **kleiner alledaagse sakies** wil ons **self hanteer** en **self daaroor beslis**.

Die gevolg is dat ons dan nie so **gelukkig** en **vol vreude** en **blydskap** is as wat ons **veronderstel** is om te wees nie. Ons neem **verkeerde besluite** en kort voor lank sit ons met ons **hande in ons hare**.

Daarom is dit noodsaaklik om **alles in die hande** van die Here te plaas, ook die **klein dingetjies**, dan sal ons n**ooit berou** hê nie.

Baie maal moet ons eers deur 'n **harde leerskool** gaan, voordat ons **bereid is** om aan die **Here te oorhandig**.

Baie keer lei ons eers **groot verliese** en **baie skade** voordat ons besef ons is **nie bevoeg** om oor **ons eie lewens te besin** nie.

Geen mens is bevoeg om oor sy eie toekoms te besluit nie, maak nie saak hoe s**lim** hy is of oor **hoeveel grade** hy beskik nie, niemand is bevoeg om in **beheer van sy eie lewe** te wees nie.

En die rede is baie eenvoudig, **niemand weet wat die toekoms inhou nie**, **net God alleen weet**, daarom weet net God alleen watter besluit is die regte besluit en daarom moet ons **al ons besluite aan God oorlaat**.

Ons voel dalk ons wil nie **die Here met alles pla** nie, ons wil nie **klakouse** wees wat met **elke ou dingetjie** na die **Here toe hardloop** nie.

Maar ons moet besef dit is **presies hoe God dit bepaal** het, dit is **God se wil** dat ons i**n alles na Hom toe gaan**, Hy wil dit so hê. Dit **verbly die hart** van die Here wanneer ons **Hom in alles ken**.

God is **besorg** oor ons, hy wil Hom oor ons **ontferm**, Hy wil **betrokke wees in alles** wat ons doen, ons moet Hom net die **geleentheid bied**.

Matt. 6:25 "Daarom sê Ek vir julle: **Moenie julle kwel oor jul lewe**—wat julle **sal eet** en wat julle **sal drink** nie; of oor **jul liggaam**—wat julle **sal aantrek** nie. Is die lewe nie meer as die voedsel en die liggaam as die klere nie?
:26 **Kyk na die voëls van die hemel**; hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en **tog voed julle hemelse Vader hulle**. **Is julle nie baie meer werd as hulle nie**?"

Matt. 10:29 "Word twee mossies nie vir 'n stuiwer verkoop nie? En nie een van hulle sal op die aarde val **sonder julle Vader** nie.
:30 **En van julle is selfs die hare van die hoof almal getel**.
:31 **Wees dan nie bevrees nie: julle is meer werd as baie mossies**."

Indien God na die **natuur omsien**, hoeveel te meer sal Hy nie na die **mens omsien** wat na **Sy beeld geskape** is nie.

Hoeveel te meer sal Hy nie na **Sy eie kinders omsien** nie. Hoeveel te meer sal Hy nie die **vir wie Hy lief is versorg nie** en wat vir Hom **kosbaar** is nie**.**

Die Here sê Hy **weet presies hoeveel hare** daar op **elke mens se hoof** is. Dit is die **mate** van **Sy liefde** en **Sy besorgdheid**.

Gaan vra so 'n bietjie vir die **S.A. Brouerye** of vir **Sun City** of **Die Carousel**, of hulle **weet hoeveel hare** daar op **enige mens se hoof** is. **Hulle weet nie**, hulle **stel nie belang nie**, al waarin hulle belangstel is **om geld te maak** en in die proses mense se **lewens** en **siele te verwoes**.

Maar **God stel belang**, God stel **intens belang**, God wil vir **elke mens** net die **beste gee**. En Hy kan dit **net gee** as ons **ons lewens na Hom toe bring** en volgens **Sy volmaakte wil lewe**.

Ons moet God se volmaakte wil vir ons lewens vind en streng daarvolgens lewe, dan sal ons ook **vir ewig lewe**.

Ek wil net hier byvoeg; daar is **bittermin in hierdie moderne lewe** van vandag wat **volgens God se wil is**, die **grootendeel** van die **mensdom** het van **God se wil afvallig geword**,

Daarom moet ons alles in die lewe **meet volgens God se Woord** en volgens **God se standaarde** en nie volgens die **mense se aanvaarbare norms** nie.

Die **mens se standaard** het baie ver van **God se wil afgedwaal**.

Ons moet elke dag soek na **God se wil**, ons moet elke dag soek na **God se aangesig**, wanneer ons **na God soek**, sê Sy Woord sal Hy **Hom deur ons laat vind**.

Wie wil die **Here vandag soek**? Wie wil **God se wil vandag soek**?

Kom ons sluit die oë.